Op ‘n drafstap deur Romeine

Geskryf deur Louwrens Erasmus

Hierdie boek is gelisensieer vir eie gebruik. Indien die boek jou gehe[p het in jou verhouding met die HERE, vertel gerus jou vriende daarvan.

My lewe het in 1995 ‘n drastiese wending geneem na ‘n nood operasie vir my blindederm. Toe ek my oë oopmaak na die operasie het die dokter my vertel dt ek baie gelukkig kan wees, aangesien hulle nie net my blindederm kon verwyder het nie, maar ook so ‘n meter van my dunderm wat ‘n kanker gewas gehad het. Indien hulle dit nie gevind het nie, sou ek heel moontlik binne ‘n jaar van kanker gesterf het. Nie die sort van nuus wat jy verwag nie.

So ek lei aan ‘n seldsame kanker bekend deesdae as NET kanker maar was vroeër as Carcinoid bekend, en indien die gewas funksioneel was het dit Carcinoid sindroom veroorsaak. Dit is by my die geval en maak dit vir myself onmoontlik om enige beroep te kan beoefen. Dit is nou al sedert 2013 die geval.

Ek glo nie iemand is gereed om op 44 jarige leeftyd te hoor dat jy gaan sterf nie. Dit het my gedwing om seker te maak dat die dag wanneer ek my oë toemaak op hierdie aarde, ek by my verlosser en saligmaker, Jesus sal wees. So al die boeke wat u hier sal vind by www.shama.org.za het ek geskryf in my soeke na dit wat vir my die sekerheid sou gee dat ek saam met Jesus, die Vader en al die gelowiges in die agste dag, die dag sonder begin en einde, sal wees.

Behalwe vir ‘n klein pensioen vertrou ons dat daar wel eendag mense donasies sal skenk om ons lewens te vergemaklik, veral nadat my vrou in die tussen tyd haar eie stryd met kanker gehad het. Sy het ‘n bilaterale mastektomie ondergaan, en is vandag kanker vry, maar met baie lelike operasie wonde wat dit ook onmoontlik maak om enige kuns borste te kan dra. Oor die afgelope tien jaar het ons darem al twee donasies ontvang al word die artikels en boeke teen ‘n tempo van 200+ per maand afgelaai.

Indien u ‘n bydrae aan ons wil maak sodat ek die nodige mediese behandeling kan ontvang om my stryd van dertig+ jare te vergemaklik, of om vir herstel werk by haar te kan doen, het ek die nodige besonderhede hieronder aangeheg en kan u dit plaaslik of internasionaal gebruik.Gebruik u foon se kamera om die QR kode te skandeer en dan vir ons ‘n bydrae te maak.

My persoonlike blog is louwrense@blogspot.com.

Facebook: https://www.facebook.com/ShamaMinistries

https://buymeacoffee.com/louwrens

OP ‘N DRAFSTAP DEUR ROMEINE INHOUD

Op ‘n drafstap deur Romeine....4
Inleiding....4
Aanhef van die boek....5
Besnydenis....6
Geloof....7
Geloof as teken in jou lewe....8
Doop....9
Werking van die Heilige Gees....10
Heiligmaking....13
Wat nou van Israel as volk?....15
Hoe het God opgetree teenoor Israel, en sal Hy optree teenoor hulle....16
Nou kom Paulus by hoe ons as Christene moet leef....21
Optrede van iemand wat in verhouding met die HERE staan....22
Opsomming....24

OP ‘N DRAFSTAP DEUR ROMEINE.

INLEIDING

Die brief word aan die Roomse kerke gestuur om te verduidelik wat die doel van Paulus se besoek aan Rome gaan wees wanneer hy eendag daar sal uitkom. Hy was toe nog nooit in Rome voorheen nie, en skryf hy aan die hoofde van die Kerk in Rome wat sy doel gaan wees tydens sy besoek, en wat hulle kan verwag van sy prediking. Hy is bewus dat daar Jode is wat in die sinagoge, en selfs meer as een sinagoge bymekaar kom, maar hy skryf om vir hulle te wys dat die boodskap wat hy wil bring, nie net vir die Jode is nie, maar vir alle mense. Ons vind die laaste hoofstuk van Romeine, al die persone wat toe alreeds van Paulus geweet het, of selfs onderig by hom gekry het. Nou skryf hy dat Roomse burgers ook deur sy teologie kan deel in hierdie glorieryke koninkryk wat wag vir almal wat glo dat Jesus die Christus is vir alle mense, Jood sowel as Romein. So hy vra hier dat al die lesers ‘n kop skuif moet maak om die evangelie van Jesus in sy volle glorie te ervaar. Daar was toe alreeds Christene wat die verlossingsboodskap van Jesus aan die Jode in die sinagoges gebring het, en van die Jode het die boodskap ook aanvaar, saam met Roomse burgers wat ook in die verlossingswerk van Jesus geglo het. Maar, daar was struweling tussen die mense omdat party gedink het hulle is beter as die ander. So nou kan Paulus sy redenasie vir hulle bekend kom maak, sodat hulle kan weet wat die boodskap van Christus behels, en begin hy by die eerste beginsels soos ook opgeteken is in Hebreërs 6 verse 1 en 2. *“Daarom moet ons nie bly by die begin van die prediking aangaande Christus nie, maar na die volmaaktheid voortgaan sonder om weer die fondament te lê van die bekering uit dooie werke en van die geloof in God, van die leer van die doop en van die handoplegging en van die opstanding van die dode en van die ewige oordeel.”* (Heb 6:1-2) So wanneer ons die boek lees sal ons uitvind dat Paulus die eerste vier beginsels in volgorde gebruik, om die evangelie te verkondig. Die mense wat die boodskap gebring het was heel moontlik van die wat uit Jerusalem gevlug het voor dit verwoes is.

Net om verder in te kleur, kan ons agterkom wanneer ons na die brief in sy geheel kyk, sien ons dat van die Jode gedink het hulle is beter as die heidene wat in Christus glo, want hulle is immers uit die nasie wat die HERE uitgekies het toe hulle Egipte verlaat het. Maar die feit dat hulle Jode is, maak nie dat hulle beter is nie, want soos ons in hoofstuk 2 sien verduidelik Paulus dat ‘n Jood iemand is wat dit in die hart is, in die Gees, en nie iemand wat dit in die vlees is nie. So nou moet Paulus eers begin by wat maak ‘n persoon ‘n kind van God. Hierdie inleiding is ontsettend belangrik, want indien ons dit nie sien dat Paulus dit aan die Jode rig wat in Rome is nie, ons die boek in twee gedeeltes wil verdeel. Dan wil ons hier van hoofstuk 9 af gebruik om die algemene verkiesing van die Jode en die volle herstel as nasie daarin wil lees, maar intussen is dit ‘n oproep om nie te dink hulle is beter nie, maar dat dit eintlik baie makliker vir ‘n Jood is om die verlossingswerk van Christus raak te sien en dan KAN so ‘n persoon weer terug geënt word. Die persoon verstaan immers die verbond wat die HERE met hul voorvaders gemaak het, so hulle kan insien dat dit vir hulle baie maklik is om Jesus as die Messias te sien en te erken. Daarna gaan hy eers weer aan oor hoe die wat dan sterk in die geloof is, die wat nie so sterk is nie, moet tegemoed kom in hul geloof.

AANHEF VAN DIE BOEK

So nou nadat Paulus hom nou bekend gestel het, begin hy met die tema van die brief. *"Want ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie, want dit is 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo, eerste vir die Jood en ook vir die Griek.* ***Want die geregtigheid van God word daarin geopenbaar uit geloof tot geloof, soos geskrywe is: Maar die regverdige sal uit die geloof lewe."*** (Rom 1:16-17) So Paulus begin hier met die geregtigheid van God, en is beskikbaar vir elkeen wat glo. Geregtigheid is ook die tema van al my ander skrywes, soos ook in die boek.

'n Ander aspek wat ons moet onthou, is dat wanneer ons van die Nuwe Testament se briewe lees, moet ons dit as 'n geheel sien. Ek kan nie nou skielik in hoofstuk 5 'n gedeelte kwoteer om my standpunt mee te regverdig nie, want dan gebruik ek dit heel moontlik buite verband. Doen jouself 'n guns en probeer om te begin by 'n kort boek in die Bybel, lees dit in een sitting deur, en kyk of jy agter die kap van die byl kom. Miskien moet jy dit 3 of 5 keer deurlees, maar dan sal jy vind dat verse skielik vir jou meer sin maak as vroeër. Romeine is een van die lang boeke ongelukkig, en seker die een wat die meeste deur predikers misbruik word om hul standpunt mee te bewys. So het ek al gevind dat mense so in hul skrywes of preke, een woordjie verander en 'n hele gemeente of al hulle lesers om die bos lei, sonder dat hulle dit eers agterkom. Een van hul geliefste verse is juis uit Romeine hoofstuk 11. *"Maar ook hulle sal, as hulle nie in die ongeloof bly nie, ingeënt word; want God is magtig om hulle weer in te ent."* Die feit dat daar 'n hele magdom vereistes aan voldoen moet word, sal nooit in hul argument gebruik word nie. Die vers is by verre die gewildste vers van die dispensasionaliste.

So nou kan ek begin om die boek op te som, vir die wat graag wil weet waaroor die boek gaan, en wat die sentrale boodskap is. Ek stel voor dat jy jou Bybel langs jou het want ek kwoteer nie die hele boek nie, maar neem aan dat die boek gebruik word om net die sentrale waarhede aan te raak.

BESNYDENIS

Die begin van Romeine handel oor een onderwerp. Besnydenis. Nou begin hy by die heiden en wys dat hulle sondig is sonder die wet. So al die sondes wat daar genoem word in hoofstuk 1, word onder heidene aangetref en hoort nie tuis by die Jode en gelowiges wat God ken nie. So indien iemand skuldig is aan die tipe sonde, is die persoon 'n heiden maar is die persone wat dit goed praat en hulle as Christene uitmaak al is hulle nie 'n fisiese heiden nie, ook 'n heiden volgens Paulus. So hy beklemtoon dat ek moet mooi dink en kyk of ek van die sondes doen of goedpraat, en indien wel, is die moontlikheid redelik groot dat ek dieselfde oordeel gaan kry as die wat die ongeregtighede beoefen.

Nou volg Paulus se rede in hoofstuk 2 oor die Jode wat ook skuldig is aangesien hulle nie die wet kan onderhou nie, hulle hou hulle hoogvaardig, maar is sonder geregtigheid, en sluit Paulus die hoofstuk af met die woorde dat al is jy 'n heiden, so nie 'n fisiese Jood nie, en doen wat reg is, jy ook gered sal word. *"As die onbesnedene dan die verordeninge van die wet onderhou, sal sy onbesnedenheid dan nie as besnydenis gereken word nie? En sal hy wat van nature onbesnede is en die wet volbring, jou nie oordeel wat ondanks letter en besnydenis 'n oortreder van die wet is nie?* ***Want nie hy is 'n Jood wat dit in die openbaar is nie, en nie dít is besnydenis wat dit in die openbaar in die vlees is nie; maar hy is 'n Jood wat dit in die verborgene is, en besnydenis is dié van die hart, in die gees, nie na die letter nie. Sy lof is nie uit mense nie, maar uit God."*** (Rom 2:26-29) So hier vind ons alreeds dat hy die Jode wat dink hulle is beter as die nie Jode, tereg wys, aangesien almal gelyk is voor die HERE. Daar is nie een nasie wat meer belangrik is as die ander nasie nie. So die besnydenis wat hy van praat is die van die hart, nie die van die vlees nie.

In die volgende hoofstuk gaan Paulus voort en verklaar dat daar geen onderskeid tussen Jood en heiden is nie, maar dat almal dood is onder die wet. Nou verklaar hy dat slegs geloof in Jesus Christus ons uit die situasie kan haal. So die antwoord van hoe ek van hierdie ongehoorsaamheid en verwydering van God kom, kan slegs deur geloof in Christus kom. *"Maar nou is die geregtigheid van God geopenbaar sonder die wet, terwyl die wet en die profete daarvan getuig,* ***die geregtigheid naamlik van God deur die geloof in Jesus Christus vir almal en oor almal wat glo, want daar is geen onderskeid nie; want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God, en hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is."*** (Rom 3:21-24) So geen uitwendige teken word meer gekoppel aan die wat kinders van God is nie. **So die geloof in die verlossingswerk van Christus is dus die teken van die verbond. En die verlossing geld vir beide Jood en heiden, elkeen moet dieselfde paadjie stap.**

"Waar is dan die roem? Dit is uitgesluit. Deur watter wet? Van die werke? Nee, maar deur die wet van die geloof. Ons neem dus aan dat die mens geregverdig word deur die geloof sonder die werke van die wet. Of behoort God net aan die Jode, en nie ook aan die heidene nie? ***Ja, ook aan die heidene, aangesien dit inderdaad een God is wat die besnedenes sal regverdig uit die geloof en die onbesnedenes deur die geloof. Maak ons dan die wet tot niet deur die geloof? Nee, stellig nie! Inteendeel, ons bevestig die wet.***" (Rom 3:27-31) *"Hierdie saligspreking dan, sien dit op die besnedenes of ook op die onbesnedenes? Want ons sê:* ***Aan Abraham is die geloof tot geregtigheid gereken. Hoe is dit dan toegereken toe hy besnede of onbesnede was? Nie as besnedene nie, maar as onbesnedene.*** *En hy het die teken van die besnydenis ontvang as 'n seël van die geregtigheid van die geloof toe hy nog nie besny was nie; dat hy die vader sou wees van almal wat glo terwyl hulle onbesnede is, sodat ook aan hulle die geregtigheid toegereken sou word; en ook 'n vader van die besnydenis vir die wat nie alleen uit die besnydenis is nie, maar ook wandel in die voetstappe van die geloof van ons vader Abraham toe hy onbesnede was. Want die belofte dat hy erfgenaam van die wêreld sou wees, het Abraham of sy nageslag nie deur die wet verkry nie, maar deur die geregtigheid van die geloof."* (Rom 4:9-13) So die hele gedeelte wys daarop dat geloof dus sal dien as teken van die besnydenis. So my hart en optrede moet verander, want dit sal die uitwendige teken van besnydenis wees. En dit word verkry deur die genade van God wat Sy seun Jesus vir ons laat sterf het toe ons nog sondaars was. **So my geloof moet bewys dat ek kind van God is. Soos Abraham geglo het dat hy vader van baie nasies sou word en dit hom tot geregtigheid gereken is sonder dat hy besny was, so moet ons lewe ook op daardie geloof gebou word wat weet dat daar vir ons verlossing wag, sonder dat ons dit nou in ons fisiese lewe kan sien.**

"Want as ten gevolge van die misdaad van die één die dood geheers het deur die één, veel meer sal hulle wat die oorvloed van die genade en van die gawe van die geregtigheid ontvang, in die lewe heers deur die Één, Jesus Christus. Daarom dan, net soos dit deur een misdaad vir alle mense tot veroordeling gekom het, so ook is dit deur een daad van geregtigheid vir alle mense tot regverdigmaking van die lewe. Want soos deur die ongehoorsaamheid van die een mens baie tot sondaars gestel is, so sal ook deur die gehoorsaamheid van die Één baie tot regverdiges gestel word." (Rom 5:17-19)

So ek kan slegs kind van God en dus deel van Sy nasie word deur geloof in Jesus Christus deurdat Hy die volle prys vir my sondes betaal het. En dit vind plaas met nagmaal. *"En terwyl hulle eet, neem Jesus die brood, en nadat Hy gedank het, breek Hy dit en gee dit aan sy dissipels en sê: Neem, eet, dit is my liggaam. Toe neem Hy die beker, en nadat Hy gedank het, gee Hy dit aan hulle en sê: Drink almal daaruit. Want dit is my bloed, die bloed van die nuwe testament, wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes."* (Mat 26:26-28)

GELOOF AS TEKEN IN JOU LEWE.

Dit is waar baie Christene vashaak en nie wil glo wat die Bybel leer nie. Ek sal so van agteraf in die Bybel my standpunt uitwys. *"Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlikheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak. En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne,* ***want die fyn linne is die regverdige dade van die heiliges.****"* (Open 19:7-8) *"Net so is ook die geloof, as dit geen werke het nie, in sigself dood. Maar iemand sal sê: Jy het die geloof en ek die werke. Toon my jou geloof uit jou werke, en ek sal jou uit my werke my geloof toon. Jy glo dat God één is. Jy doen goed; die duiwels glo dit ook, en hulle sidder. Maar wil jy weet, o nietige mens, dat die geloof sonder die werke dood is?* ***Is Abraham, ons vader, nie uit die werke geregverdig toe hy Isak, sy seun, op die altaar geoffer het nie? Sien jy dat die geloof saamgewerk het met sy werke en dat die geloof volkome geword het uit die werke? En die Skrif is vervul wat sê: En Abraham het God geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken, en hy is 'n vriend van God genoem. Sien julle dan nou dat die mens geregverdig word uit die werke en nie alleen uit die geloof nie?*** *En is Ragab, die hoer, nie ook net so geregverdig uit die werke toe sy die boodskappers ontvang en met 'n ander pad weggestuur het nie?* ***Want soos die liggaam sonder gees dood is, so is ook die geloof sonder die werke dood.****"* (Jak 2:17-26)

Ons sukkel met meeste mense wat geloofswerke sien asof jy iets van die gebooie moet onderhou. Maar dit is nie wat Paulus hier beskryf nie. Hy wys daarop dat slegs deur geloof in Christus ons geregverdig word, maar dat ons nou diensbaar geword het vir die werking van die Gees. So die Heilige Gees gaan ons nogsteeds lei sodat ons reg sal doen. Dit is werke wat by jou geloof pas. *"Laat dit dan aan julle bekend wees, broeders, dat deur Hom vergifnis van sondes aan julle verkondig word, en dat elkeen wat glo, deur Hom geregverdig word van alles waarvan julle deur die wet van Moses nie geregverdig kon word nie. Pas dan op dat daar nie oor julle kom wat deur die profete gesê is nie: Kyk dan, julle veragters, en wees verwonderd en verdwyn! Want Ek gaan iets in julle dae doen, iets wat julle sekerlik nie sal glo as iemand julle dit vertel nie."* (Hand 13:38-41) *"Ons wat van nature Jode en nie sondaars uit die heidene is nie, terwyl ons weet dat die mens nie geregverdig word uit die werke van die wet nie, maar alleen deur die geloof in Jesus Christus, selfs ons het in Christus Jesus geglo, sodat ons geregverdig kan word uit die geloof in Christus en nie uit die werke van die wet nie; omdat uit die werke van die wet geen vlees geregverdig sal word nie. Maar as ons wat streef om in Christus geregverdig te word, self ook sondaars bevind is, is Christus dan 'n dienaar van die sonde? Nee, stellig nie! Want as ek weer opbou wat ek afgebreek het, dan betoon ek myself 'n oortreder; want deur die wet is ek vir die wet dood om vir God te lewe. Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het. Ek verwerp nie die genade van God nie; want as daar geregtigheid deur die wet is, dan het Christus tevergeefs gesterwe."* (Gal 2:15-21)

So kan ek sonder werke 'n Christen wees? Nee, nie indien ek na die vorige gedeeltes kyk nie. Sien ons word nie as vissers, dissipels, opgelei om samekomste te hou nie, maar ons word toegerus om vissers te wees om vis te vang. Mense wat elke dag 'n verskil in die wêreld maak. Kan ek dit doen sonder werke? Nee, dit is onmoontlik. Dalk is dit net om die persoon te help om oor 'n straat te kom, of net 'n persoon te dank vir sy optrede om vir jou 'n pakkie van die boonste rak by die supermark af te haal, dit is alles nuttig vir jou as Christen. Nie almal kan die woord verkondig nie, maar mense lees jou werke, en dit bestaan uit 80% lyftaal. Wat maak jy vir mense wat nie die geleenthede gehad het wat jy gehad het nie? Wat van mense wat vandag in nood is? Draai jy jou rug op hulle en sê die HERE het MY geseën, of kyk jy wie jy kan help in die lewe. Onthou net jy word sonder iets gebore, en sterf ook sonder iets wat jy kan saamvat. Alles wat jy het en is, is 'n gawe van die HERE. Jy het dalk hard gewerk, maar sonder die HERE se geleenthede wat Hy jou gegee het, is jy niks. So dink volgende keer diep voordat jy mense afskryf of veroordeel, dalk het hulle nie dieselfde kanse as jy gekry nie. Ek verkondig nou nie dat indien jy self tekort het dat jy ander moet help nie, nee, indien jy die vermoë besit en hulle kan help, doen dit. Dit is wat Johannes na verwys in 1 Johannes 3: *"Maar wie die goed van die wêreld het en sy broeder sien gebrek ly en sy hart vir hom toesluit, hoe bly die liefde van God in hom? My kinders, laat ons nie liefhê met woorde of met die tong nie, maar met die daad en in waarheid."* (1Jn 3:17-18) Ons moet onthou ons almal word in dieselfde grote graf begrawe, so jy kom sonder iets die wreld in, en jy gaan weer sonder iets na die graf. So help waar jy kan vandag, want môre is dalk te laat. Almal word oor een kam geskeer en niemand word bevoordeel nie.

DOOP

Nou kom ons eers by die doop uit. Nou volg Paulus se hele relaas oor wat die doop vir ons doen, en ek sal net sleutel gedeeltes aanhaal, maar dit is waaroor die hele hoofstuk 6 handel. *"Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie? Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel. Want as ons met Hom saamgegroei het deur die gelykvormigheid aan sy dood, sal ons dit tog ook wees deur dié aan sy opstanding; aangesien ons dit weet dat ons oue mens saam gekruisig is, sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word en ons nie meer die sonde sou dien nie. Want hy wat gesterf het, is geregverdig van die sonde.* ***As ons dan saam met Christus gesterf het, glo ons dat ons ook saam met Hom sal lewe, omdat ons weet dat Christus, nadat Hy opgewek is uit die dode, nie meer sterf nie. Die dood heers oor Hom nie meer nie."*** (Rom 6:3-9) Soos Israel word ons dus by die doop onder die mag van die Satan uitgelei, en onder die gesag van die Vader geplaas, want die dood, sonde, sal nie meer oor my heers nie.

Dit is hoe Johannes dit stel hoe ons sal optree na die doop: *"Geliefdes, nou is ons kinders van God, en dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie; maar ons weet dat ons, as Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is. En elkeen wat hierdie hoop op Hom het, reinig homself soos Hy rein is. Elkeen wat die sonde doen, doen ook die wetteloosheid, want die sonde is wetteloosheid. En julle weet dat Hy verskyn het om ons sondes weg te neem, en geen sonde is in Hom nie. Elkeen wat in Hom bly, sondig nie. Elkeen wat sondig, het Hom nie gesien en Hom nie geken nie. My kinders, laat niemand julle mislei nie: wie die geregtigheid doen, is regverdig soos Hy regverdig is. Hy wat die sonde doen, is uit die duiwel, want die duiwel sondig van die begin af. Vir hierdie doel het die Seun van God verskyn, om die werke van die duiwel te verbreek. Elkeen wat uit God gebore is, doen geen sonde nie, omdat sy saad in hom bly; en hy kan nie sondig nie, want hy is uit God gebore. Hierin is die kinders van God en die kinders van die duiwel openbaar: elkeen wat die geregtigheid nie doen nie, is nie uit God nie, en hy ook wat sy broeder nie liefhet nie."* (1Jn 3:2-10)

"Maar nou dat julle vrygemaak is van die sonde en diensbaar geword het aan God, het julle jul vrug tot heiligmaking en uiteindelik die ewige lewe. Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here." (Rom 6:22-23)

Dit is wat die doop vir ons beteken, so selfs hier word dieselfde volgorde gevolg wat in Hebreërs 6 verse een en twee uitgelig word. *"Daarom moet ons nie bly by die begin van die prediking aangaande Christus nie, maar na die volmaaktheid voortgaan sonder om weer die fondament te lê van die bekering uit dooie werke en van die geloof in God, van die leer van die doop en van die handoplegging en van die opstanding van die dode en van die ewige oordeel."* (Heb 6:1-2) Nou sien ons dat die volgorde presies dieselfde is in beide boeke.

Hoofstuk 7 wys Paulus daarop dat daar altyd 'n geveg in my lewe sal wees tussen die sonde wat die wet voorhou, en die goeie wat die Gees vir ons voorhou. So ja, al is ek gedoop sal ek nog steeds moet veg teen die sonde, maar ek weet dat ek nie alleen is wanneer ek daarteen veg nie, want Hy wat in my is, die Heilige Gees, sal my help om my vleeslike begeertes te oorwin. En soos Johannes ook verklaar *"Julle is uit God, my kinders, en het hulle oorwin, omdat Hy wat in julle is, groter is as hy wat in die wêreld is. Hulle is uit die wêreld;* ***daarom praat hulle uit die wêreld, en die wêreld luister na hulle. Ons is uit God; hy wat God ken, luister na ons; hy wat nie uit God is nie, luister nie na ons nie. Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling."*** (1Jo 4:4-6)

Paulus wys hier daarop dat ek die vleesmens moet sterf, sodat ek vry kan wees van die sonde wat my eerste man was, maar omdat ek gesterf het in die doop, kan ek nou in die Gees weer trou, maar nou is my bruidegom geestelik, en die bruidegom wat nou in my werk, kan nie sondig nie.

WERKING VAN DIE HEILIGE GEES

Nou volg Paulus dat die volgende stap wat sal gebeur, gekenmerk word deur die werking van die Heilige Gees in ons lewe. Dit stem saam met die vierde stap in Hebreërs 6 vers 2, asook wat met Israel gebeur het by Mara en Elim, waar die water soet geword het, en die HERE van die Gees wat op Moses was, op die oudstes van Israel laat kom het. *"**Want wat die vlees bedink, is die dood, maar wat die Gees bedink, is lewe en vrede, omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie. En die wat in die vlees is, kan God nie behaag nie; julle is egter nie in die vlees nie, maar in die Gees, as naamlik die Gees van God in julle woon. Maar as iemand die Gees van Christus nie het nie, dié behoort nie aan Hom nie. Maar as Christus in julle is, dan is die liggaam dood vanweë die sonde, maar die gees is lewe vanweë die geregtigheid. En as die Gees van Hom wat Jesus uit die dode opgewek het, in julle woon, dan sal Hy wat Christus uit die dode opgewek het, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon.** Daarom dan, broeders, is ons skuldenaars, nie aan die vlees om na die vlees te lewe nie; want as julle na die vlees lewe, sal julle sterwe, maar as julle deur die Gees die werke van die liggaam doodmaak, sal julle lewe. Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God. Want julle het nie ontvang 'n gees van slawerny om weer te vrees nie, maar julle het ontvang die Gees van aanneming tot kinders, deur wie ons roep: Abba, Vader! Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is; en as ons kinders is, dan ook erfgename, erfgename van God en mede erfgename van Christus, as ons naamlik saam met Hom ly, sodat ons ook saam met Hom verheerlik kan word."* (Rom 8:6-17) Dit is waarna Jesus ook verwys in Johannes 7: *"En op die laaste dag, die groot dag van die fees, **het Jesus gestaan en uitgeroep en gesê: As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink! Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei.** En dit het Hy gesê van die Gees wat dié sou ontvang wat in Hom glo; want die Heilige Gees was daar nog nie, omdat Jesus nog nie verheerlik was nie."* (Joh 7:37-39) So die hele hoofstuk word daaraan gewy om vir my te wys dat ek nie moet oorgee aan my vleeslike begeertes nie, maar dat ek moet lewe na die Gees. So ek moet elke oomblik van die dag so leef dat mense kan sien dat ek God se kind is, en my nie sal laat lei deur my sondige natuur nie. Ons moet onthou dat ons sondige natuur in die doop verwyder is, aangesien ek daar geskei is daarvan en ek nou as nuwe skepsel kan lewe sonder dat die sonde kan oorheers en lewe. Dit word nou in die volgende hoofstukke deur Paulus behandel. En weet jy dat elke persoon deel het aan die Heilige Gees? Dit is wat gebeur met wedergeboorte. *"Jesus antwoord en sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie. Nikodémus sê vir Hom: Hoe kan 'n mens as hy oud is, gebore word? Hy kan tog nie 'n tweede keer in die skoot van sy moeder ingaan en gebore word nie? Jesus antwoord: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie. Wat uit die vlees gebore is, is vlees; en wat uit die Gees gebore is, is gees."* (Joh 3:3-6) Dit is immers die eerste doel van die Heilige Gees.

"Maar Ek sê julle die waarheid: Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan; want as Ek nie weggaan nie, sal die Trooster nie na julle kom nie; maar as Ek weggaan, sal Ek Hom na julle stuur; en as Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel: van sonde, omdat hulle in My nie glo nie; en van geregtigheid, omdat Ek na my Vader gaan en julle My nie meer sal sien nie; en van oordeel, omdat die owerste van hierdie wêreld geoordeel is." (Joh 16:7-11)

Ek weet daar is baie Calvinistiese predikers wat vra hoe kan hierdie "saad" soos hulle dit beskryf binne 'n mens wakker gemaak word om jou te oortuig van sonde en dan skielik 'n ander lewe begin ly. Maar wanneer jy na hulle geskrifte kyk is dit maklik om raak te sien. Al wat die twaalf artikels daaroor sê is: "Ek glo in die Helige Gees". Dit is hoekom hulle nie kan glo dat daar nogsteeds wonders gebeur in die wêreld nie, want hulle weet nie wie die Heilige Gees is nie. Dit is vir hul hierdie duister area waaroor jy nie praat nie en ook nie vrae oor vra nie. Ek het die volgende stelling raakgeloop in 'n stuk van Lorraine Boettner oor Gereformeerde Geloof p4: *"Selfs die mens se sondige handelinge kan slegs gebeur met sy toestemming en met die krag wat Hy sy skepsel gee. Aangesien Hy gewillig, en nie onwillig nie, toelaat, moet alles wat gebeur - insluitend ons sondige dade en die mens se uiteindelike lot - in die een of ander sin in ooreenstemming wees met wat Hy in die ewigheid bepaal en beveel het. In verhouding met die mate waartoe dit ontken word, word God uitgesluit uit die regering van die wêreld, en het ons slegs 'n eindige God. Natuurlik ontstaan daar sekere probleme wat ons met ons huidige kennis nie volledig kan verklaar nie. Dit is egter nie 'n voldoende rede om dit wat deur die Skrif en die duidelike voorskrifte van die rede bevestig word,*

te verwerp nie." So nou word ons sondes volgens hulle nie aan ons toegeskryf nie, maar dat God ons toegelaat het om dit te doen.. Huh? Dan het Jesus mos verniet gekom as daar vooraf alles haarfyn beplan is en uitgewerk is. So ek het geen keuses nie. Dan is die eerste rede hoekom die Heilige Gees gekom het nie nodig nie, want die HERE het dan klaar besluit ek gaan hemel toe of hel toe. Hoekom dan nog dienste hou en predikers oplei.

So indien iemand jou beroof vannag en sommer jou ouers en grootouers doodmaak, het God dit alreeds goedgekeur, en is dit deel van Sy doel. So die stuk gemors wat dit kom doen het, kan dalk eendag saam met jou in die hemel sit want hy staan nie skuldig aan die moord nie. Hy het mos nie 'n keuse gehad nie. Dit is hoekom daar soveel misleiding in die Calvinisistiese kerke is. Want God is aanspreeklik vir alles. Hy is die een wat vir Pietie laat doodgaan het tydens die rooftog, of Hy is aanspreeklik toe jy voor 'n ander kar ingery het. Met so 'n siening is God dan verantwoordelik vir alle goed en kwaad op aarde.

'n Ander standpunt wat deur Calvyn se standpunt in die Kerkorde opgeneem is en neergepen is deur Kuyper, is die siening oor wat 'wedergeboorte' is. *"C. Veenhof in sy boek 'Predik het Woord' analiseer Kuyper se doopsbeskouing, en toon duidelik aan hoedat hy die* ***grond*** *vir die kinderdoop sien in die 'veronderstelde wedergeboorte'. Kuyper se siening oor 'wedergeboorte' is bekend.* ***Die wedergeboorte is volgens hom die inplanting van 'n 'geloofskiem',*** *die geloofshebbelikheid of geloofsvermoë in die hart van die kind in sy vroegste bestaansoomblikke. Dit vind plaas deur 'n direkte werking van die Heilige Gees. Hierdie 'kiem' kan sluimerend lê vir jare, en dan, deur die Woordverkondiging, ontkiem en as 'geloofsgeloofsvermoë en die latere geloofswerksaamheid. Nou sê Kuyper: Die moontlikheid van so 'n genadewerk van God in die siel van ons kind, moet by al ons kinders aangeneem word. Wanneer nou die ouers werklik in die verbond lewe, dan is dit hulle plig om elkeen van hulle kinders wat vir hulle gebore word "in de onderstelling dat het genadewerk Gods reeds in hen plaats greep, in den Naam van God Drieenig te laten doopen"*.5 (A. Kuyper: E Voto lll pag. 10, 11, 12). So hoe beskryf hulle hierdie wedergeboorte? Die wedergeboorte is volgens hulle die inplanting van 'n 'geloofskiem', die geloofshebbelikheid of geloofsvermoë in die hart van die kind in sy vroegste bestaansoomblikke.

Ek wil net weer herhaal wat Kuyper sê oor wedergeboorte: *"Die moontlikheid van so 'n genadewerk van God in die siel van ons kind, moet by al ons kinders aangeneem word. Wanneer nou die ouers werklik in die verbond lewe, dan is dit hulle plig om elkeen van hulle kinders wat vir hulle gebore word "in de onderstelling dat het genadewerk Gods reeds in hen plaats greep, in den Naam van God Drieenig te laten doopen"*.5 (A. Kuyper: E Voto lll pag. 10, 11, 12).

Eerstekeer dat ek hoor dat die Helige Gees na verwys word as 'n kiem. Ek dog altyd 'n kiem is iets wat jy nie wil hê nie, want dit is hoe siektes versprei. Maar ons weet dat die Bybel verklaar dat dit die eerste werking van die Heilige Gees is, en dit is by alle mense, nie net die wat hierdie "kiem" ontvang het nie. Dit is die Helige Gees wat ons gaan lei na belydenis van ons sondes, soos beskryf deur die Apostel Johannes: *"Maar Ek sê julle die waarheid: Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan; want as Ek nie weggaan nie, sal die Trooster nie na julle kom nie; maar as Ek weggaan, sal Ek Hom na julle stuur; en as Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel: van sonde, omdat hulle in My nie glo nie; en van geregtigheid, omdat Ek na my Vader gaan en julle My nie meer sal sien nie; en van oordeel, omdat die owerste van hierdie wêreld geoordeel is.*" (Joh 16:7-11)

So wat en wie is die Helige Gees? Hy is die Trooster waarvan Jesus praat wat ons oortuig van ons sonde, ons die pad wys wat na die saligheid lei, en die een wat ons alles gaan leer. Hy is die Een wat die Bybel vir jou gaan oopmaak sodat jy kan verstaan wie die Vader is, hoekom Jesus moes kom, en wat jou gaan lei om by 'n punt in jou lewe uit te kom waar jy op jou knieë gaan neerval en uitroep "Wees my as armoedige sondaar genadig en red my van die dood". HY is die een wat jou gaan oortuig van sonde. En dit is die eerste stap vir my as Christen. Hoe beskryf Dawid dit vir ons in Psalms 51: *"Vir die musiekleier. 'n Psalm van Dawid, (51:2) toe die profeet Natan na hom gekom het, nadat hy by Bátseba ingegaan het. (51:3)* ***Wees my genadig, o God, na u goedertierenheid; delg my oortredinge uit na die grootheid van u barmhartigheid****. (51:4) Was my heeltemal van my ongeregtigheid en reinig my van my sonde. (51:5) Want ék ken my oortredinge, en my sonde is altyddeur voor my. (51:6) Teen U alleen het ek gesondig en gedoen wat verkeerd is in u oë, sodat U regverdig kan wees as U spreek, rein as U gerig hou. (51:7) Kyk, in ongeregtigheid is ek gebore, en in sonde het my moeder my ontvang. (51:8) Kyk, U het 'n welgevalle aan*

waarheid in die binneste, en in die verborgene maak U aan my wysheid bekend. (51:9) ***Ontsondig my met hisop, dat ek kan rein wees; was my, dat ek witter kan wees as sneeu.*** *(51:10) Laat my vreugde en blydskap hoor; laat die gebeente juig wat U verbrysel het. (51:11) Verberg u aangesig vir my sondes en delg uit al my ongeregtighede. (51:12) Skep vir my 'n rein hart, o God, en gee opnuut in die binneste van my 'n vaste gees. (51:13) Verwerp my nie van u aangesig nie en neem u Heilige Gees nie van my weg nie. (51:14) Gee my weer die vreugde van u heil, en ondersteun my deur 'n gewillige gees. (51:15)* ***Ek wil die oortreders u weë leer, dat die sondaars hulle tot U kan bekeer. (51:16) Red my van bloedskuld, o God, God van my heil! Laat my tong u geregtigheid uitjubel. (51:17) Here, open my lippe, dat my mond u lof kan verkondig. (51:18) Want U het geen lus in slagoffer nie, anders sou ek dit gee; in brandoffer het U geen behae nie****. (51:19) Die offers van God is 'n gebroke gees; 'n gebroke en verslae hart sal U, o God, nie verag nie!"* (Psa 51:1-17) So dit is die eerste werking van die Heilige Gees. Om ons te oortuig van sonde. So dit word al gedoen nog voor ons by bekering gekom het, want dit is wat ons gaan lei tot bekering. So noudat ek my lewe oorgegee het in die hande van die HERE, kan die Heilige Gees ons eers lei in sy volgende aksie, en dit is om ons te leer aangaande alles.

Die Psalm lei ons ook na die volgende punt wat Paulus aanhaal, naamlik heiligmaking.

HEILIGMAKING

Nou vind ons dat die Krag van die Heilige Gees ons gaan lei om drie oorwinnings te behaal. Eerstens sal die Heilige Gees ons help om sondes te oorkom. *"Want die wet van die Gees van die lewe in Christus Jesus het my vrygemaak van die wet van die sonde en die dood.* ***Want God het wat vir die wet onmoontlik was, omdat dit kragteloos was deur die vlees deur sy eie Seun in die gelykheid van die sondige vlees te stuur, en dit ter wille van die sonde, die sonde veroordeel in die vlees, sodat die reg van die wet vervul kon word in ons wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees. Want die wat vleeslik is, bedink vleeslike dinge, maar die wat geestelik is, geestelike dinge.*** *Want wat die vlees bedink, is die dood, maar wat die Gees bedink, is lewe en vrede, omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie. En die wat in die vlees is, kan God nie behaag nie; julle is egter nie in die vlees nie, maar in die Gees, as naamlik die Gees van God in julle woon. Maar as iemand die Gees van Christus nie het nie, dié behoort nie aan Hom nie."* (Rom 8:2-9)

So indien ons ons laat lei deur die Gees kan ons die sonde oorwin. Dit sê nie dit gaan sommer van self weg nie, nee, ek moet myself deur die Gees laat lei. So nou kan ek my paadjie van heiligmaking begin stap. So nou gaan ek weet dat ek nie elke keer vir sonde hoef te swig nie, want die Helige Gees wat by my inwoon is sterker as die een wat my probeer verlei. So Satan se mag is gebreek, en hy en sy trawante is doodgemaak in die doop. *"Daarom, rig die slap hande en die verlamde knieë weer op; en maak reguit paaie vir julle voete, sodat wat kreupel is, nie uit lit raak nie, maar liewer gesond gemaak word. Jaag die vrede na met almal,* ***en die heiligmaking waarsonder niemand die Here sal sien nie; en pas op dat niemand in die genade van God veragter nie; dat geen wortel van bitterheid opskiet en onrus verwek en baie hierdeur besoedel word nie."*** (Heb 12:12-15)

Die tweede oorwinning wat ons na moet streef en ons slegs deur Christus kan doen is om die dood te oorwin. Dit klink dalk snaaks, maar weet u dat indien ek in die Gees lewe, hierdie aardse lewe nie my eintlike doel is nie, maar die lewe hierna waar die dood nie kan oorwin nie. *"Maar as Christus in julle is, dan is die liggaam dood vanweë die sonde, maar die gees is lewe vanweë die geregtigheid. En as die Gees van Hom wat Jesus uit die dode opgewek het, in julle woon, dan sal Hy wat Christus uit die dode opgewek het, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon."* (Rom 8:10-11) So ons lewe op aarde is nie die doel van ons lewe nie, maar is slegs 'n voorbereiding vir dit wat op ons wag na ons dood. Baie mense dink ons lewe is nou alles, maar ons lewe vir dit wat hierna kom, 'n lewe saam met die Vader, Jesus en die Heilige Gees in die Nuwe Jerusalem.

Die derde oorwinning waarna ons nou moet behaal is die oorwinning oor slawerny. Dit is 'n lewe waar ons 'n slaaf is vir sonde, maar nou moet ons ons lewe as slaaf van sonde gaan neerlê by die kruis van Jesus, en dan 'n lewe lei waar ons die slawerny van sonde oorkom het. *"Daarom dan, broeders, is ons skuldenaars, nie aan die vlees om na die vlees te lewe nie;* ***want as julle na die vlees lewe, sal julle sterwe****,* ***maar as julle deur die Gees die werke van die liggaam doodmaak, sal julle lewe.*** *Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God. Want julle het nie ontvang 'n gees van slawerny om weer te vrees nie, maar julle het ontvang die Gees van aanneming tot kinders, deur wie ons roep: Abba, Vader! Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is; en as ons kinders is, dan ook erfgename, erfgename van God en mede erfgename van Christus, as ons naamlik saam met Hom ly, sodat ons ook saam met Hom verheerlik kan word."* (Rom 8:12-17)

So wat is die hele doel om ons dood te maak vir sonde? Sodat ons onsself as lewende offers vir Christus kan stel. Ek kan nie gebruik word as werker vir die HERE indien ek nog 'n slaaf van Satan en sy sondige wêreld is nie. Nee, die mag van sonde moet geheel en al in my lewe gebreek wees, slegs dan kan ek die volle beeld van Christus uitstraal.

So dit gaan moeilik wees, maar dit maak geen verskil nie, want die resultaat van dit wat ek nou moet opgee, kan glad nie vergelyk word met die glorie wat vir my wag die dag as ek my tydelike aardse lewe neerlê vir 'n hemelse lewe saam met Christus nie. *"Want ek reken dat die lyding van die teenwoordige tyd nie opweeg teen die heerlikheid wat aan ons geopenbaar sal word nie. Want die skepping wag met reikhalsende verlange op die openbaarmaking van die kinders van God. Want die skepping is aan die nietigheid onderworpe nie gewillig nie, maar ter wille van hom wat dit onderwerp het in die hoop dat ook*

die skepping self vrygemaak sal word van die slawerny van die verganklikheid tot die vryheid van die heerlikheid van die kinders van God." (Rom 8:18-21)

Wanneer ons hierdie woorde laat insink in ons lewens, dan kan ons saam met Paulus verklaar: *"Wie sal ons skei van die liefde van Christus verdrukking of benoudheid of vervolging of honger of naaktheid of gevaar of swaard? Soos geskrywe is: Om U ontwil word ons die hele dag gedood, ons is gereken as slagskape.* ***Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het. Want ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomende dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie."*** (Rom 8:35-39)

WAT NOU VAN ISRAEL AS VOLK?

Dit is nou die een vraag wat Paulus baie tyd aan spandeer om vir die gemeente in Rome te verduidelik wat van die Jode na die vlees en die wat in Christus glo, sal gebeur. In sy aanhef skryf hy dat hy sy eie lewe sou wou opgee om sommige van sy volksgenote te red. Maar, helaas weet hy dit sal nooit so kan werk nie. Hy weet wat Esegiël daaroor geskryf het: *"Verder het die woord van die HERE tot my gekom en gesê: Mensekind, as 'n land teen My sondig deur troubreuk te begaan, en Ek my hand daarteen uitstrek en die staf van die brood daarvan verbreek en 'n hongersnood daarin stuur, en Ek daaruit mens en dier uitroei— al was hierdie drie manne, Noag, Daniël en Job, daarin, dan sou hulle deur hul geregtigheid net hulle eie siel red, spreek die Here HERE. As Ek wilde diere in die land laat rondswerf, dat hulle dit kinderloos maak en dit 'n wildernis word, sodat niemand daar deurgaan vanweë die wilde diere nie— al was hierdie drie manne daarin, so waar as Ek leef, spreek die Here HERE, hulle sou geen seuns of dogters red nie; net hulle sou gered word, maar die land sou 'n wildernis wees. Of as Ek die swaard bring oor daardie land en sê: Laat die swaard deur die land trek! en Ek daaruit mens en dier uitroei— al was hierdie drie manne daarin, so waar as Ek leef, spreek die Here HERE, hulle sou geen seuns of dogters red nie, maar net hulle sou gered word. Of as Ek pes in daardie land stuur en my grimmigheid daaroor uitgiet in bloed, om daaruit mens en dier uit te roei— al was Noag, Daniël en Job daarin, so waar as Ek leef, spreek die Here HERE, hulle sou geen seun of dogter red nie; hulle sou net hulle eie siel deur hul geregtigheid red. Want so sê die Here HERE: Hoeveel te meer as Ek my vier kwaai gerigte, swaard en hongersnood en wilde diere en pes, op Jerusalem afstuur om daaruit mens en dier uit te roei! Maar kyk, daarin sal oorbly wat ontvlug, wat uitgebring word, seuns en dogters; kyk, hulle kom uit na julle toe, dat julle hulle weg en hulle handelinge kan sien, en julle getroos kan word oor die onheil wat Ek oor Jerusalem gebring het, oor alles wat Ek daaroor gebring het. Ja hulle sal julle troos as julle hulle weg en hulle handelinge sien; en julle sal weet dat Ek nie tevergeefs alles gedoen het wat Ek daarin gedoen het nie, spreek die Here HERE."* (Esg 14:12-23)

So ek kan nie dink dat almal wat ek die woord aan verkondig het gered is nie. Nee, ek kan slegs my eie lewe red. Want as Daniël, Job en Noag niemand se lewe kon red nie, wat maak my dink ek is vernamer as die drie helde van die Bybel. Nou begin Paulus vir ons die volgende uit lê.

"Maar ek sê dit nie asof die woord van God verval het nie; ***want hulle is nie almal Israel wat uit Israel is nie. Ook nie omdat hulle Abraham se nageslag is, is hulle almal kinders nie; maar: in Isak sal jou nageslag genoem word. Dit wil sê, nie hulle is kinders van God wat die kinders van die vlees is nie, maar die kinders van die belofte word gereken as die nageslag****. Want dit is die woord van die belofte: Omtrent hierdie tyd sal Ek kom, en Sara sal 'n seun hê. En nie alleen dit nie, maar ook Rebekka was swanger uit een, naamlik Isak, ons vader. Want toe die kinders nog nie gebore was en nog geen goed of kwaad gedoen het nie dat die voorneme van God volgens die verkiesing kon bly staan, nie uit die werke nie, maar uit Hom wat roep is vir haar gesê:* ***Die oudste sal die jongste dien. Soos geskrywe is: Jakob het Ek liefgehad en Esau het Ek gehaat.****"* (Rom 9:6-13)

So nou beskryf Paulus hoekom die heidene ook deel het aan die oorwinning en verbond van die HERE. *"Wat sal ons dan sê? Dat die heidene, wat die geregtigheid nie nagejaag het nie, die geregtigheid verkry het, naamlik die geregtigheid wat uit die geloof is; terwyl Israel, wat die wet van die geregtigheid nagejaag het, die wet van die geregtigheid nie bereik het nie. Waarom? Omdat dit nie uit die geloof was nie, maar net asof dit uit die werke van die wet was; want hulle het hul gestamp teen die steen van aanstoot. Soos geskrywe is: Kyk, Ek lê in Sion 'n steen van aanstoot en 'n rots van struikeling; en elkeen wat in Hom glo, sal nie beskaam word nie."* (Rom 9:30-33)

Deurdat Israel nie Jesus wou sien as die Christus nie, het die woord ook na ons as heidene gekom. Israel het 'n fisiese koning gesoek, iemand wat hulle kon bevry van die Roomse oorheersing, maar dit was nie waarvoor Jesus gekom het nie. Hulle het soos baie mense verwag dat Jesus as heerser oor die hele mensdom gaan regeer as koning, en hulle sal as leiers in die wêreld bekend wees, maar Hy het gekom om as mens ons sondeskuld te dra, die dood te oorwin, sodat ons saam met Hom in Sy koninkryk kan deel. Die koninkryk wat die Vader alreeds voorberei het volgens Esegiël se beskrywing van die nuwe tempel, wat die Ou Testamentiese siening was van waar God geheers het, of die Nuwe Jerusalem, dit wat Johannes beskryf het waar die heersers van sy tyd gesetel was.

So nou gee Paulus vir ons 'n beskrywing van die twee verskillende standpunte van die Jode en die Kerk: *"Broeders, die verlange van my hart en die gebed wat ek tot God vir Israel doen, is tot hulle redding. Want ek getuig van hulle dat hulle 'n ywer vir God het, maar sonder kennis. Want omdat hulle die geregtigheid van God nie ken nie en hulle eie geregtigheid probeer oprig, het hulle hul aan die geregtigheid van God nie onderwerp nie. Want Christus is die einde van die wet tot geregtigheid vir elkeen wat glo. Want Moses beskrywe die geregtigheid wat uit die wet is: Die mens wat hierdie dinge doen, sal daardeur lewe. Maar die geregtigheid wat uit die geloof is, sê dit: Moenie in jou hart sê nie: Wie sal in die hemel opvaar, naamlik om Christus af te bring; of: Wie sal in die afgrond neerdaal, naamlik om Christus uit die dode op te bring? Maar wat sê dit? Naby jou is die woord, in jou mond en in jou hart. Dit is die woord van die geloof wat ons verkondig: As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word; want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding."* (Rom 10:1-10)

Die Jode probeer so hard om hul eie geregtigheid na te volg, want Moses het immers gesê in Deutronomium 6: *"En dit sal geregtigheid vir ons wees as ons sorgvuldig al hierdie gebooie hou voor die aangesig van die HERE onse God soos Hy ons beveel het."* (Deu 6:25) En dit is waaraan hulle vashou tot vandag toe. Maar hulle let nie op wat Jeremia vir hulle geleer het nie: *"So sê die HERE van die leërskare, die God van Israel: Voeg julle brandoffers by julle slagoffers en eet vleis. Want Ek het met julle vaders, op die dag dat Ek hulle uit Egipteland uitgelei het, nie gespreek nie en hulle geen bevel gegee in verband met brandoffer of slagoffer nie. Maar hierdie saak het Ek hulle beveel, naamlik:* ***Luister na my stem, dan sal Ek vir julle 'n God wees, en julle sal vir My 'n volk wees; en wandel net in die weg wat Ek julle beveel, dat dit met julle goed kan gaan. Maar hulle het nie geluister en geen gehoor gegee nie, maar gewandel in wat hulle in die verharding van hul bose hart beraadslaag het, en hulle het agteruitgegaan en nie vooruit nie****. Van die dag af dat julle vaders uit Egipteland uitgetrek het tot vandag toe het Ek na julle al my knegte, die profete, gestuur, daagliks, vroeg en laat; maar hulle het na My nie geluister en geen gehoor gegee nie, maar hul nek verhard; hulle het dit erger gemaak as hul vaders."* (Jer 7:21-26) En dit is hoe dit vandag

nog gaan met die Joodse geloof. Hier net enkele verse waar die HERE aankondig dat Hy Israel verwerp, en dus ook gelyk daarmee Juda, na Jesus se geboorte, want Jesus moes uit die stam van Juda kom.

Die **verwerping** van Israel kan ook gesien word in die volgende tekste:

Jer 6:30 *"Hulle word genoem: **Verworpe** silwer; want die HERE het hulle **verwerp**."*

Jer 7:15 *"En Ek sal julle van my aangesig **wegwerp** soos Ek al julle broers, die hele geslag van Efraim, weggewerp het."*

Jer 12:7 *"Ek het my huis **verlaat**, Ek het my erfenis **verwerp**, Ek het die beminde van my siel in die hand van haar vyande gegee."*

Jer 15:6 *"Jy het My verwerp, spreek die HERE, jy het ál agteruitgegaan; daarom strek Ek my hand teen jou uit en **verwoes jou**; Ek is moeg om berou te hê."*

Jer 30:12 *"Want so sê die HERE: Jou verbreking is **ongeneeslik**, jou wond is **smartlik**."*

Jer 31:36-37 *"As hierdie verordeninge voor my aangesig sal wyk, spreek die HERE, **dan sal die nageslag van Israel ook ophou om 'n volk te wees voor my aangesig vir altyd**. (37) So sê die HERE: As die hemele daarbo gemeet en die fondamente van die aarde daaronder nagespeur kan word, dan **sal Ek ook die hele nageslag van Israel verwerp weens alles wat hulle gedoen het**, spreek die HERE."*

Ps 53:6 (vers 5 in ander tekste): "*Dáár het skrik hulle oorweldig sonder dat daar skrik was; want God het die beendere verstrooi van hom wat jou beleër het; jy het hulle beskaamd gemaak, want God het hulle **verwerp**."*

Ps 78:58-59 *"En hulle het Hom geterg deur hul hoogtes en deur hul **gesnede beelde** sy jaloersheid gewek. (59) God het dit gehoor en toornig geword, en Hy het **Israel heeltemal verwerp**."*

2 Kon 17:19-20 *"Selfs Juda het die gebooie van die HERE hulle God nie gehou nie, maar gewandel in die insettinge van Israel wat hulle gemaak het. (20) Daarom het die HERE die **hele geslag van Israel verwerp** en hulle verneder en hulle in die hand van rowers oorgegee totdat Hy hulle **van sy aangesig weggewerp het**."*

2 Kon 23:27 *"En die HERE het gesê: Ek sal Juda ook **van my aangesig verwyder** soos Ek Israel verwyder het; en Ek sal hierdie stad **Jerusalem verwerp** wat Ek verkies het, en die huis waarvan Ek gesê het: My Naam sal daar wees."*

2 Kron 7:19-20 *"Maar as júlle afkerig word en my insettinge en my gebooie wat Ek julle voorgehou het, **verlaat en ander gode gaan dien** en julle voor hulle neerbuig, (20) dan sal Ek hulle uitruk uit my land wat Ek aan hulle gegee het, en hierdie huis wat Ek vir my Naam geheilig het, sal Ek **van my aangesig wegwerp** en daarvan 'n spreekwoord en 'n spotlied maak onder al die volke."*

Hos 4:6 *"My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis; omdat jy die kennis verwerp het, **sal Ek jou verwerp**, sodat jy vir My die priesteramp nie sal bedien nie; omdat jy die wet van jou God vergeet het, sal Ek ook **jou kinders vergeet**."*

Hos 9:17 *"My God sal **hulle verwerp**, omdat hulle na Hom nie geluister het nie, en hulle sal rondswerwe onder die nasies."*

1 Tess 2:14-16 *"Want julle, broeders, het navolgers geword van die gemeentes van God wat in Christus Jesus is in Judéa, omdat julle ook dieselfde dinge gely het van julle eie stamgenote net soos hulle van die **Jode** [Judeërs], (15) wat ook die Here Jesus en hulle eie profete gedood en ons vervolg het en God nie behaag nie en teen alle mense gekant is, (16) deurdat hulle ons verhinder om tot die heidene te spreek dat hulle gered kan word, sodat hulle die maat van hulle sondes gedurig vol kan maak. Maar die **toorn het oor hulle gekom tot die einde toe**."*

En dan kry ons Jesus se eie woorde ook, waar Hy Jesaja se woorde bevestig. So eers Jesaja: *"Laat My julle dan nou te kenne gee wat Ek met my wingerd gaan doen: Ek sal sy doringheining wegneem, sodat dit verwoes word; Ek sal sy muur stukkend breek, sodat dit vertrap word. En Ek sal dit 'n wildernis maak: dit sal nie gesnoei of omgespit word nie, maar opskiet met dorings en distels; en Ek sal die wolke gebied om nie daarop te reën nie. Want die wingerd van die HERE van die leërskare is die huis van Israel, en die manne van Juda is die tuin van sy verlustiging; en Hy het gewag op reg, maar kyk, dit was bloedvergieting; op geregtigheid, maar kyk, dit was geskreeu!"* (Jes 5:5-7) *Sien ook* (Jes 8:13-16)

En dan Jesus se eie woorde: *"Luister na 'n ander gelykenis: Daar was 'n sekere huisheer wat 'n wingerd geplant het; en hy het 'n heining daarom gesit en 'n parskuip daarin gegrawe en 'n wagtoring gebou, en hy het dit aan landbouers verhuur en op reis gegaan. En toe die vrugtetyd nader kom, stuur hy sy diensknegte na die landbouers om sy vrugte te ontvang. Maar die landbouers het sy diensknegte geneem en een geslaan en 'n ander een doodgemaak en 'n ander een gestenig. Weer het hy ander diensknegte gestuur, meer as die eerstes, en hulle het met dié net so gemaak.* ***Oplaas het hy sy seun na hulle gestuur en gesê: Hulle sal my seun ontsien. Maar toe die landbouers die seun sien, het hulle onder mekaar gesê: Dit is die erfgenaam; kom laat ons hom doodmaak en sy erfdeel in besit neem. En hulle het hom geneem en buitekant die wingerd uitgewerp en doodgemaak. Wanneer die eienaar van die wingerd dan kom, wat sal hy met daardie landbouers doen? Hulle antwoord Hom: Die slegte mense—hy sal hulle 'n slegte dood laat sterwe en die wingerd verhuur aan ander landbouers wat hom die vrugte op die regte tyd sal gee. Jesus sê vir hulle: Het julle nooit in die Skrifte gelees nie: Die steen wat die bouers verwerp het, dit het 'n hoeksteen geword. Hy het van die Here gekom en is wonderbaar in ons oë? Daarom sê Ek vir julle: Die koninkryk van God sal van julle weggeneem en aan 'n volk gegee word wat die vrugte daarvan sal dra.*** *En hy wat op hierdie steen val, sal verpletter word; maar elkeen op wie hy val, dié sal hy vermorsel. En toe die owerpriesters en die Fariseërs sy gelykenisse hoor, het hulle begryp dat Hy van hulle spreek. En hulle het probeer om Hom in hulle mag te kry, maar hulle was bang vir die skare, omdat dié Hom vir 'n profeet gehou het."* (Mat 21:33-46)

Maar soos alle verbonde werk, is daar altyd plek vir die wat deel word van die verbond om weer ingeëent te word. Nie dat hulle voorheen as persoon deel was nie, maar wanneer hulle hul tot Christus bekeer, kan hulle weer ingeëent word. *"Net so is daar dan ook in die teenwoordige tyd 'n oorblyfsel, ooreenkomstig die verkiesing van die genade."* (Rom 11:5) Nou verklaar Paulus dat daar wel Jode oor is soos die in Rome, wat 'n oorblyfsel is, wat daar is om die heidene te leer in wie en wat die HERE is. **So dit wys nie op 'n toekomstige oorblyfsel nie, maar 'n oorblyfsel wat oorgebly het en gedoen het wat Jesus hulle beveel het om te doen met die verwoesting van Jerusalem. Hulle het na die berge gevlug, na ander lande gevlug, sodat die evangelie van Jesus aan almal verkondig kan word.** *"Wanneer julle dan die gruwel van die verwoesting, waarvan gespreek is deur die profeet Daniël, sien staan in die heiligdom—laat hy wat lees, oplet— dan moet die wat in Judéa is, na die berge vlug; wie op die dak is, moet nie afkom om iets uit sy huis weg te neem nie; en wie op die land is, moet nie omdraai om sy klere weg te neem nie. Maar wee die vroue wat swanger is en die wat nog soog, in daardie dae. En bid dat julle vlug nie in die winter of op die sabbat mag plaasvind nie. Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie. En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word. As iemand dán vir julle sê: Kyk, hier is die Christus! of: Daar! —moet dit nie glo nie."* (Mat 24:15-23) Die gedeelte verwys na Daniël: *"En ná die twee en sestig sewetalle sal 'n Gesalfde uitgeroei word, maar sonder iets vir Hom; en die volk van 'n vors wat sal kom, sal die stad en die heiligdom verwoes, maar sy einde sal met 'n oorstroming wees, en tot die einde toe sal dit oorlog wees, vasbeslote verwoestings."* (Dan 9:26) So die mense in Rome is die wat gevlug het toe Jerusalem verwoes is deur 'n vors wat in Daniël se tyd nie 'n vors was nie, die Roomse ryk.

*"**Rom 11:5 Net so is daar dan ook in die teenwoordige tyd 'n oorblyfsel, ooreenkomstig die verkiesing van die genade."*** **Die gedeelte sê in die teenwoordige tyd, met ander woorde die tyd van Paulus**, was daar 'n oorblyfsel. Nie dat daar deur al die geslagte en veral vandag waar die Jode so 'n ophef van gemaak word, 'n oorblyfsel is nie, maar in die tyd van Paulus. Anders moet ons 'n horlosie inbou in die gedeelte sodat elke dag of week of maand of jaar wat verby gaan, daar altyd 'n oorblyfsel sal wees. En wat van die oorblyfsel wat dalk gewoonweg net sterf? Die hele gedeelte in Mattheus 24 gaan oor drie gebeure. Eerstens word daar deur Jesus 'n opsomming gegee oor wat Hy met hulle wil deel, so 'n opsomming oor wat gaan gebeur, verse 1 tot 14, en dan word elke gedeelte apart behandel. Die eerste gedeelte gaan oor

hoe Jerusalem verwoes sou word wat plaasgevind het tussen 66 en 70 NC. (verse 15 tot 21) Dan volg verse 23 tot 27 wat die tydvak bespreek waarin ons huidiglik lewe. Daar is so baie "groot" predikers wat aangehang word, en word hulle vir jou voorgehou dat as jy nog nie die of daardie persoon se kamp of preek op Youtube gesien het of sy byeenkoms bygewoon het nie, jy nie 'n kans het om te weet wat aangaan nie. Daarna volg die oopmaak van die sesde seël van Openbaring waar die aarde soos ons dit vandag ken verwoes word. Hoofstuk 25 wys dan hoe die werklike Christene van die ander geskei gaan word. Daar is die gelykenis van die maagde waar party reg was en die ander nie, die gedeelte oor of jy gedoen het met dit wat jy van die Vader ontvang het of nie, so het jy Sy talente gebruik, en dan die finale gedeelte wat daaroor gaan of jy jou naaste liefgehad het of nie. Die gedeeltes word deur Johannes beskryf van Openbaring 7 af tot 20 waar die finale oordeel sal plaasvind.

Dit was Jesus se woorde: *"Wanneer julle dan die gruwel van die verwoesting, waarvan gespreek is deur die profeet Daniël, sien staan in die heiligdom—laat hy wat lees, oplet— dan moet die wat in Judéa is, na die berge vlug; wie op die dak is, moet nie afkom om iets uit sy huis weg te neem nie; en wie op die land is, moet nie omdraai om sy klere weg te neem nie. Maar wee die vroue wat swanger is en die wat nog soog, in daardie dae. En bid dat julle vlug nie in die winter of op die sabbat mag plaasvind nie. Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie. En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word."* (Mat 24:15-22) Wat het Daniël gesien? Ons vind die antwoord in Daniël 9:26 *"en die volk van 'n vors wat sal kom, sal die stad en die heiligdom verwoes, maar sy einde sal met 'n oorstroming wees, en tot die einde toe sal dit oorlog wees, vasbeslote verwoestings."* Rome was in Daniël se tyd nie 'n vors gewees nie, maar het eers later as vors ontwikkel en toe Jerusalem en die tempel verwoes. En soos Jesus ook in die voorafgaande verse gesê het dat geen steen onaangeraak sal word nie het ook gebeur, want die Romeine het tussen en onder elke klip gekyk of daar nie dalk kosbarhede verskuil was nie.

So ook ons as heidene moet nie roem oor ons nou God se volk is nie en so hoogmoedig word dat ons soos Israel val nie, want soos Paulus sê, net so maklik as wat die natuurlike takke afgekap is, kan Hy ons as ingeëente takke ook afkap. So daar is dus geen verskil tussen my as heiden wat Jesus as Messias aanbid, en die Israeliet wat Jesus as die Messias aanbid nie. *"Want soos julle ook vroeër aan God ongehoorsaam was, maar nou barmhartigheid ontvang het deur hulle ongehoorsaamheid, so het hulle ook nou ongehoorsaam geword deur die barmhartigheid aan julle, sodat hulle ook barmhartigheid kan ontvang. Want God het hulle almal in die ongehoorsaamheid ingesluit om vir almal barmhartig te kan wees."* (Rom 11:30-32)

Ek wil graag 'n voorbeeld gebruik wat vir u sal verduidelik waar ons as Christene inpas. Paulus skryf in Romeine die volgende: *"Ek vra dan: Het hulle miskien gestruikel om te val? Nee, stellig nie! Maar deur hulle val het die saligheid tot die heidene gekom om hulle jaloers te maak. En as hulle val die rykdom van die wêreld is en hulle tekort die rykdom van die heidene, hoeveel te meer sal hulle volheid dit nie wees nie! Want aan julle heidene sê ek: Vir sover as ek 'n apostel van die heidene is, verheerlik ek my bediening as ek tog maar net my eie volk jaloers kan maak en sommige uit hulle kan red! Want as hulle verwerping die versoening van die wêreld is, wat sal hulle aanneming anders wees as lewe uit die dode? En as die eerstelinge heilig is, dan die deeg ook; en as die wortel heilig is, dan die takke ook. En as sommige van die takke afgebreek is, en jy wat 'n wilde olyfboom was, onder hulle ingeënt is en deel gekry het aan die wortel en die vettigheid van die olyfboom, moet dan nie teen die takke roem nie; en as jy roem dit is nie jy wat die wortel dra nie, maar die wortel vir jou. Jy sal dan sê: Die takke is afgebreek, sodat ek ingeënt kon word. Goed! Deur ongeloof is hulle afgebreek, maar jy staan deur die geloof. Moenie hoogmoedig wees nie, maar vrees."* (Rom 11:11-20)

Ek glo elkeen van ons weet hoe 'n steggie by die onderstok in geënt word. Die steggie het geen wortels nie, maar dit is wat ons as die plant koop omdat dit die regte blom of in vrugtebome variëteit is. So die vrugte is wat ons koop, maar die onderstok van die roos of die vrugteboom is wat die kos verskaf aan die steggie. Dit is hoe ons as Christene by die onderstok ingeplant word, en Israel as die oorspronklike plant afgesny is. Die HERE is die onderstok en wortels. Maar sodra jy toelaat dat die oorspronklike onderstok weer takke uitstoot, gaan dit die ingeënte plant dood groei. So dit moet verwyder word. Dieselfde met ons as Christene. Die oomblik wanneer ons die Joodse onderstok geleentheid gee om te groei, gaan ons as

Kerk sterwe. So kom weg van almal wat enigsins iets met die Joodse geloof van vandag te doen het. Dit geld ook vir die wat die Jode van vandag weer wil kans gee om op ‘n ander manier deel te word van Jesus se volk. Daar is net een volk, en dit is die Kerk van Jesus. Daar is nie plek vir tweedehandse Christene soos wat die wegrapers ons wil vertel ons is nie. Hulle sal nog leer dat hulle lering die van die antichris is.

NOU KOM PAULUS BY HOE ONS AS CHRISTENE MOET LEEF.

In hoofstuk 12 kom Paulus nou by ‘n gedeelte om te wys hoe almal in die gemeente moet optree. *“Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as ‘n lewende, heilige en aan God welgevallige offer dit is julle redelike godsdiens.”* (Rom 12:1)

Elke persoon het ‘n mate van geloof ontvang namate sy doel is. So ek kan nie daarop roem dat ek ‘n groter geloof het as iemand anders nie, nee, ek het ‘n mate ontvang wat ek nodig het om my roeping mee te doen. So daar sal altyd die wees wat baie standvastig in hul geloof is, maar daar sal ook die wees wat nie so standvastig is nie. *“En ons besit genadegawes wat verskil volgens die genade wat aan ons gegee is: is dit profesie, na die maat van die geloof; of bediening, in die werk van bediening; of wie leer, in die lering; of wie vermaan, in die vermaning; wie uitdeel, in opregtheid; wie ‘n voorganger is, met ywer; wie barmhartigheid bewys, met blymoedigheid.”* (Rom 12:6-8)

Nou kom Paulus en gee hy weer vir hulle as gemeente riglyne hoe hulle moet optree. So dit is ook hoe ek en jy moet optree. *“Laat die liefde ongeveins wees; verafsku wat sleg is; hang die goeie aan; wees hartlik teenoor mekaar met broederlike liefde; die een moet die ander voorgaan in eerbetoning; wees nie traag in die ywer nie; wees vurig van gees; dien die Here; verbly julle in die hoop; wees geduldig in die verdrukking; volhard in die gebed. Maak voorsiening in die behoeftes van die heiliges; streef na gasvryheid; seën die wat julle vervolg, seën en moenie vervloek nie; wees bly met die wat bly is, en ween met die wat ween; wees eensgesind onder mekaar; moenie na hoë dinge streef nie, maar voeg julle by die nederige; moenie eiewys wees nie; vergeld niemand kwaad vir kwaad nie; bedink wat goed is voor alle mense; as dit moontlik is, sover as dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense. Moenie julle wreek nie, geliefdes, maar gee plek vir die toorn; want daar is geskrywe: Aan My kom die wraak toe, Ek sal vergeld, spreek die Here. As jou vyand dan honger het, gee hom iets om te eet; as hy dors het, gee hom iets om te drink, want sodoende sal jy op sy hoof vurige kole ophoop. Laat jou nie deur die kwaad oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie.”* (Rom 12:9-21)

OPTREDE VAN IEMAND WAT IN VERHOUDING MET DIE HERE STAAN.

Die hoofstuk gaan oor twee verskillende groepe, eerstens die wettige regerings van die land, en dan teenoor mede Christene. Hier praat ek nou nie van die persone wat maar net elke Sondag "kerk" toe gaan nie, maar persone wie se lewens die wedergeboorte weerspiël. So dit wat Paulus nou hier aanraak is hoe die mense moet optree. Die eerste gaan oor hoe ons teenoor die regering van die dag moet optree. Die gedeelte praat nou van mense wat werklik die land regeer vir die land, en nie vir hul eie gewin nie. So dit handel nie oor mense wat net een ding voor oë het en dit is om so veel as moontlik van my besittings en geld in sy eie sak te laat beland nie. Dit gaan ook nie oor terroriste organiesasies wat deur middel van dwang of staatsgrepe aan bewind gekom het nie. In Suid Afrika word dit nie 'n staatsgreep genoem nie, maar die leier word herroep.

Ek sal en kan ook nie as Suid Afrikaner daaroor praat nie, want ons staan nie onder iemand wat in die gedeelte bespreek word nie. Indien u wil weet wat in Suid Afrika gebeur en hoekom ek sê ek kan nie kommentaar lewer nie, gaan kyk na 'n video op youtube oor die situasie wat deur 'n buitelander opgestel is. U kan dit hier kry. Daar is op dieselfde lys nog drie ander videos wat u ook gerus na kan kyk. En dit is die geval in baie lande vandag, veral waar die hoof uit die nageslag van Kus of 'n ander diktator is. Hulle is almal afstammelinge van Nimrod, waarvan die Bybel net een sin oor praat: *"Kus was ook die vader van Nimrod. Hy het begin om 'n geweldenaar op aarde te wees."* (Gén 10:8) Dawid gee ook vir ons inligting oor die mense. Psa 15:4 *"in wie se oë die verworpene veragtelik is, maar hy eer die wat die HERE vrees; al het hy gesweer tot sy skade, hy verander nie;"*.

Die volgende gedeelte van hoofstuk 13 is presies 'n beskrywing hoe ons as gelowiges moet optree. Dit is wat Paulus hier beskryf, maar is vandag nogsteeds net so van pas. *"Die liefde doen die naaste geen kwaad nie; daarom is die liefde die vervulling van die wet. En dit te meer, omdat ons die tydsomstandighede ken, dat die uur vir ons reeds daar is om uit die slaap wakker te word; want die saligheid is nou nader by ons as toe ons gelowig geword het. Die nag het ver gevorder en dit is amper dag. Laat ons dan die werke van die duisternis aflê en die wapens van die lig aangord. Laat ons welvoeglik wandel soos in die dag, nie in brassery en dronkenskap, nie in ontug en ongebondenheid, nie in twis en nydigheid nie. Maar beklee julle met die Here Jesus Christus, en maak geen voorsorg vir die vlees om sy begeerlikhede te bevredig nie."* (Rom 13:10-14)

Nou verskuif Paulus sy fokus oor hoe die wat sterk in die geloof is, nie die wat swak in die geloof is moet veroordeel nie. Ek moet nie iets doen om die een wat swak is te laat voel dat jy hom benadeel nie. Indien jy hou van 'n glasie wyn saam met ete en jy mense oornooi vir ete en weet hulle hou nie van drank nie, moenie nou vir hulle drank aanbied nie. Dit kan hulle laat struikel. Ek onthou 'n gesprek wat ek eendag met 'n kleurling pastoor in Aliwal Noord gehad het terwyl ons altwee gewag het dat Hettie haar kunsklas voltooi die aand en ons juis oor drank gepraat het. Hy was heeltemal daarteen gekant, omdat hy weet dat sy volgelinge almal 'n probleem met drank het. Hulle weet nie wanneer om op te hou nie. Hulle sal drank koop en drink totdat hulle niks oor het nie, Om nie eers van die gevegte te praat wat dan onderling uitbreek nie, waar mense selfs hulle lewe kan verloor. Hy het my gesê dat indien ons eendag 'n geleentheid het om saam te braai, kan ek hom 'n glasie wyn aanbied, want hy weet wanneer om te stop.

"En op ons wat sterk is, rus die verpligting om die swakhede te dra van die wat nie sterk is nie, en nie onsself te behaag nie. Want elkeen van ons moet die naaste behaag met die oog op wat goed is tot stigting. Want ook Christus het Homself nie behaag nie, maar soos geskrywe is: Die smaadhede van die wat U smaad, het op My geval. Want alles wat tevore geskrywe is, is tot ons lering tevore geskrywe, sodat ons deur lydsaamheid en bemoediging van die Skrifte hoop kan hê. En mag die God van lydsaamheid en bemoediging aan julle gee om eensgesind onder mekaar te wees ooreenkomstig die wil van Christus Jesus, sodat julle die God en Vader van onse Here Jesus Christus eendragtiglik uit een mond kan verheerlik. Neem daarom mekaar aan, soos Christus ons ook aangeneem het, tot heerlikheid van God." (Rom 15:1-7)

Nou beskryf Paulus dat hy baie graag ook met die nie Jode wou praat, maar dat alhoewel hy geroepe is om die heidene na Christus te lei, hy elke keer verhinder is. Maar sy planne is om wel by hulle in Rome aan te gaan. *"Maar nou reis ek na Jerusalem in diens van die heiliges. Want Macedónië en Acháje het dit goedgevind om iets by te dra vir die armes onder die heiliges in Jerusalem. Hulle het dit goedgevind, sê ek, en hulle is ook hul skuldenaars; want as die heidene deel gekry het aan hulle geestelike voorregte, is hulle ook verskuldig*

om hulle met stoflike goedere te dien. As ek dit volbring het en vir hulle hierdie vrug veilig oorgebring het, sal ek by julle langs na Spanje afreis. En ek weet dat as ek na julle kom, ek met die volle seën van die evangelie van Christus sal kom. Maar ek vermaan julle, broeders, by onse Here Jesus Christus en by die liefde van die Gees, om saam met my in die gebede te stry vir my by God, dat ek verlos mag word van die ongehoorsame mense in Judéa en dat my diensbetoning aan Jerusalem aanneemlik mag wees vir die heiliges, sodat ek met blydskap deur die wil van God by julle kan kom en my saam met julle kan verkwik." (Rom 15:25-32)

OPSOMMING

Die boek gee vir ons al die inligting hoe om enige persoon die waarheid van die Bybel te leer. So ons hoef nie na wêreldse hulpmiddels te gryp om met mense in gespreek te tree oor die HERE nie, nee ek kan die boek aan die Romeine gebruik om dissipels van Jesus te maak.

Dit is ‘n pragtige werk van Paulus wat vandag nog so van pas is, en so min in sy geheel deur gemeentes gebruik word om mense mee op te lei. Ongelukkig wil elke groep hulle eie lering vir die mense leer, en is dit seker die grootste rede hoekom daar miljoene verskillende kerkgroepe vandag bestaan in Christendom, terwyl wanneer ons na die boek kyk, alle strydpunte volledig behandel word.

So dit is my standpunt en uitgangspunt wat ek so graag by mense wil tuis bring.